**Hoe gelowiges God dien**

**Heb 13:1-6**

**5 Februarie 2023**

1. Heb 12:18-24 – Gelowiges het nie aangekom by tasbare Sinaiberg nie, maar wel by Sionsberg, by God as Regter en by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond.
2. Heb 12:25-29 – Gelowiges moet God wat praat en nog een maal hemel en aarde gaan skud, nie verontagsaam nie. Hulle moet Hom dankbaar dien op 'n welgevallige wyse met eerbied en ontsag.
3. Heb 13:1-6 – Aantal praktiese maniere van diens aan God
4. Broederliefde (Heb 13:1)
   a. Hebreërs het reeds broederliefde beoefen, moet volhard hierin (Heb 6:10)
   b. Broederliefde vloei voort uit liefde vir God se Naam (Heb 6:10, 1 Joh 3:14, 4:12b, 3:23)
5. Gasvryheid teenoor vreemdelinge (Heb 13:2)
   a. "Do not neglect to show hospitality to strangers" (Heb 13:2, ESV)
   b. Jesus oordeel diens/gasvryheid teenoor geringste broer is diens aan God (Mat 25:31)
   c. Gasvryheid stel eise, maar hou ook voordeel in – Abraham en Lot se gasvryheid teenoor engele het voordele ingehou (Gen 18/19)
   d. Hoekom is gasvryheid dikwels so gebrekkig in gemeentes?
6. Diens aan gevangenes (Heb 13:3)
   a. Hebreërs het dit alreeds beoefen, maar mag dalk ook self in toekoms in tronk beland (Heb 10:33-34a)
   b. "Dink aan gevangenes" sluit in: Gebede (Hand 12:5), besoeke (Mat 25:36), versorging (Fil 4:18)
   c. Gevangenes sluit ook gelowiges in wat weens sondige optrede in tronk is (Mat 25:36)
7. Huwelik (Heb 13:4)
   a. Huwelik is instelling van God, reeds van skepping af, tussen 'n man en sy vrou, waardeur mensdom groei (Gen 1:27, 2:24)
   b. Word dikwels nie gerespekteer nie: Sodom (Gen 19), Dawid, homoseksualiteit (Rom 1:26-27), Korintiër gemeente (1 Kor 5:1) – vandag steeds die geval.
   c. Twee aspekte in Heb 13:4 – (1) Hou die huwelik eerbaar (mag dit nie verwaarloos nie of afskaf nie), (2) hou die huweliksbed (die seksuele element) onbesoedeld (vgl (1 Kor 6:9b-10)
   d. Oortredings teen die huweliksinstelling vereis bekering (1 Kor 6:11)
8. Tevredenheid of vergenoegdheid (Heb 13:5-6)
   a. Verwys na gelowige se verhouding met besittings
   b. Verwys ook na gelowige se verhouding met naaste – vgl 10de gebod (Eks 20:17)
   c. Verwys ten diepste na verhouding met God – geldgierigheid is afgodery (Ef 5:5)
   d. Gelowiges moet God vertrou om as Helper hulle nie in steek te laat nie (Deut 31:6, Jos 1:5, Ps 118:14, Mat 6:31-33)
9. Samevatting
   a. Alhoewel al 5 maniere verwys na verhoudings van gelowiges met ander gelowiges en met hulle besittings, is al die maniere ten diepste diens aan God.